

EK IS SOOS JY: jy is myne

Ken jy die mens wat êrens op jou pad meteens daar is met: Ek is soos jy? Hy wil jou guns wen om jou vir hom of haar af te sonder om jou te manipuleer. Iemand wat nie skroom om geskenke aan te dra om juis dit by jou tuis te bring nie: ek is soos jy. Ek voel dieselfde, ek dink dieselfde en ek doen dieselfde. En dan gaandeweg raak die einders van die band wat hy met jou kom lê, verder. Ek is soos jy. Die eise kom, want hy het dan so baie vir jou gedoen: jy moet soos hy wees. Jy moet eintlik doen soos wat hy wil hê. Met voorbedagte rade het hy jou gekoop. Nou moet jy maak soos hy sê. Julle is dan baie naby vriende. As jy dan nie wil doen wat hy sê nie, dan breek die hel letterlik los. Dan breek hy uit met: jy is 'n verraaier, jy is nie wat jy voorgee nie. Jy is nie soos ek nie.

Die tyd van: Ek is soos jy, is verby! Skielik is jy vyand nommer een. Dan kom dit in jou hart: Had ek maar vlerke soos 'n duif, dan sou ek wegvlieg en wegbly! Gou sou ek vir my 'n skuilplek soek teen die onstuimige wind, teen die storm. Jy wroeg, jou hart krimp inmekaar in jou binneste en verskrikkinge van die dood het op jou geval. Jy kan alles verloor, want hy ken jou so goed. In jou soeke na perspektief lyk selfs die waarheid na jou vyand. Op elke woord van jou het hy 'n weerwoord. Jy verstaan nie waar die houe vandaan kom nie.

Dan besef jy: God wil dat ek in die wind staan dat die storm my tref. Hy wil my in die woestyn van alleenheid hê. Die woestyn van hierdie wêreld is geen toevlug nie. Hy wil my daar in my alleen-oomblikke met Hom die volheid leer: Hy deurvors die weë van elke hart. Hy ken die waarheid. Hy verlos my siel in vrede van die stryd teen my, want met menigtes is hulle teen my. Soos Jesus, alleen met net die Gees wat my oog op God vestig wat die vyand antwoord.

Sing: Psalm 11:3, 5 (1936); Psalm 55:7, 8 (1936)

Ds. SD (Vasie) de Kock (Potchefstroom-Suid)